HOE KAN EK BYDRA?

Om in te koop op die vennootskap en deel te hê aan ‘n groeiende kerk wat meer en meer ‘n baken van hoop kan word, kan jy bydra deur die volgende maniere:

EFT Inbetalings

ABSA Mall@reds
Tjekrek: 3260 140 689
Takkode: 632005

Debietorder Opdrag

Word maandeliks verhaal.
Debietorderopdrag-vorm beskikbaar by inligtingstoonbank / kantoor.

Koevert Bydraes

Koeverte beskikbaar by die voorportaal.
Gooi dit in die kollekte bord.

Snapscan Inbetalings

Snap here to pay

SnapScan

Snapscan is 'n mobiele betaaloplossing wat bydraes maklik en veilig maak. U het geen kaarte, kontant of tydrowende EFT's nodig nie - net eenvoudige betalings in 'n oogwink!



Geloofsofferfees

(10de Maand Dankoffer)

Ons nooi jou uit om jouself te verbind vir ‘n saak veel groter as jouself...

PO10SIAAL

“ U het my net ‘n bietjie minder as ‘n hemelse wese gemaak en my met aansien en eer gekroon,
U laat my heers oor die werk van U hande,
U het alles aan my onderwerp ”

Psalm 8

DIE GEE VAN GELOOFSOFFERS AAN DIE HERE

GELOOFSOFFER

'n Geloofsoffer is nie iets wat jy aan 'n mens gee nie. 'n Geloofsoffer gee jy aan die Here. Hy het vir JOU aan die kruis gesterf en oorlaai jou elke dag met soveel seëninge. Die gee van jou Geloofsoffer is 'n manier hoe jy jou dankbaarheid aan die Here wys. ***Ek en jy word geseën om te seën.***

Die gee van jou Tiende is nie 'n nuwe verskynsel in ons moderne era nie, dit kom al regdeur die Bybel. In die Ou Testament was tiendes nie in die vorm van geld weggegee nie, maar by wyse van produkte soos kos of groente of vrugte wat die Israeliete moes afstaan vir die Leviete se lewensonderhoud.

Vir die Fariseërs het tiendes 'n dooie gebruik geword. Daarom vertel Jesus dat sulke weggee van tiendes geen effek het op God nie. In Matteus 23 vermaan Hy die Fariseërs oor hulle praktyk om tiendes te gee sonder dat hulle harte daarin is. In Lukas 18:9-14 hoor ons duidelik by Jesus dat die gee van tiendes geen redding bring nie.

Die Nuwe Testament vra alles van ons. Die arm weduwee van Markus 12 gee haar laaste brood geld, Saggéüs gee 50% van sy besittings in Lukas 19, Barnabas gee al sy grond weg in Handelinge 4, en die Masedoniese gelowiges gee uit hulle armoede bokant hul vermoë tot die geld insameling wat Paulus vir Jerusalem hou (2 Kor. 8:1-5).

Wanneer jy jou Geloofsoffer gee dan moet jy dit met die regte gesindheid doen! God moet heel eerste kom in ons elkeen se lewe.



Rentmeesterskap.

Om ons volle **Po10siaal** te ontdek en te verstaan en om onsself te verbind vir 'n saak veel groter as onsself moet ons begin by die konsep - ***Rentmeesterskap.***

Rentmeesterskap is 'n konsep wat probeer saamvat wat die mens, as skepsel van God se verantwoordelikheid op en teenoor die aarde is (vgl. Gen. 1:28vv). Die mens wat in verhouding met sy Skepper dink en leef, weet dat die 'versorging' van die aarde/die wêreld sy/haar verantwoordelikheid is. Ons ***rentmeesterskap*** is dus omvattend. Ons is nie eienaars van hierdie werklikheid, die aarde en alles wat daarop woon nie, ons is bestuurders van die huishouding van God.

So stel Paulus dit as hy na sy eie bediening verwys: "So moet julle ons dan sien: ons is dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimenisse van God toevertrou is" (1Kor.4:1).

Ons nooi jou uit om jouself te verbind vir 'n saak veel groter as jouself...

Ons het as gemeente 'n roeping ontvang om skadu, groei en vrug te bied aan alle mense. Ons vertolk ons roeping om die nodige ruimtes te skep waarin die Gees van God lewens en gemeenskappe kan verander.

Die ruimtes sluit in:

- Ruimtes vir geestelike groei (eredienstoerustingsgeleenthede & manne– / vrouebediening)
- Ruimte vir ons Jeug (geestelike groei, versorging en persoonlike verhoudings)
- Ruimtes vir gebrokenheid (geestelik, pastoraal en fisiese nood)
- Ruimtes van groei (Travel light, DivorceCare, GriefShare, huwelikskampe en bedieningskampe)
- Ruimtes om te behoort (naskoolse-jongmense en groeigroepe)
- Ruimtes om 'n uit te reik (Sending, uitreike en dienswerk)

  Kerk-in-Suid voed tans:

  28 behoeftige kinders (4x per week) , 135 behoeftige kinders (4x per week)
- Ruimtes vir verhoudings (skole en gemeenskapsleiers)

Daarom is dit belangrik dat jy 'n vennoot word wat saam met ons droom oor hierdie ruimtes en die uitbreiding daarvan. Sodat ons gemeente sy Po10siaal kan bereik!